## Jesaja 6: Die Heilige Gees werk 'n splinternuwe verhouding met God

Pinkster gaan oor die Heilige Gees se uitstorting. Maar die Heilge Gees wil in geen opsig ooit die kollig op Homself laat val nie! Wat bedoel ek? Die Heilige Gees wil altyd en in alles wat Hy doen die Vader en die Seun verheerlik, die lig op hulle laat skyn, sodat die wêreld God kan verheerlik. Die wêreld maak 'n bespotting van God en heel dikwels is dit agv 'n onsigbare God in 'n gebroke, donker wêreld. Hoekom is dit so? Lê die probleem by die Here wat ons aanbid en verkondig? Verseker nie, want Hy is nog dieselfde God. Die probleem kan dus net op een plek wees en dit is by die kerk en as ek praat van kerk, dan verwys ek na ons elkeen se verhouding met God. Miskien is daar selfs 'n gebrek aan kennis en verstaan van wie God werklik is. Dit alles het 'n invloed op hoe ons as God se kinders in die wêreld lewe - ons optrede, ons lewe bepaal dikwels of die wêreld nog in 'n lewende God kan glo of nie.

**Jesaja 6 Beste beskrywing van wie God is**

**Jesaja ontdek God se Almag**

God is op Sy troon. Hy heers hoog bo die nasies, bo ons omstandighede en probleme.
In antieke tye is 'n koning se magsvertoon gemeet aan die lengte van sy kleed.
Jesaja sien dat God se kleed die hele tempel vul en hy besef dat God se onbeperkte mag nie gemeet of beperk kan word nie. Dit is die beeld van God wat ons weer in ons koppe moet kry. Die Heilige Gees moet ons weer in 'n nuwe verhouding met die Here God wat oor alle omstandighede heers en in 'n wêreld heerskappy voer wat op die oog af buite beheer is, bring.

**HEILIGHEID**

Jesaja raak bewus van God se heiligheid. Ons is bevoorreg om in 'n nuwe verhouding met God die Vader te leef deur die Here Jesus wat ons verlos het, geheilig het en regverdig gestel het voor die Heilige God.
Jesaja as OT gelowige het God anders beleef as ons en in ons geloofslewe vergeet ons soms dat ons met die absolute heilige God te doen het. Ons durf nie die fout maak om te dink die God van die Nuwe Testament 'n vriendelike God is wat op ons vlak is nie. Hoe die mens ookal probeer om God se heiligheid te misken, die Serafs sal dit uitbasuin tot aan die einde van dae: Heilig, Heiliger, Heiligste!!! Hierin moet die Gees ons help om in 'n heilige verhouding met God te leef.

**GROOTSHEID**

Jesaja raak bewus van God se grootsheid: Die deure het in hul kosyne gerammel en die tempel het vol rook geword. Toe het Jesaja uitgeroep: **"Dit is klaar met my! Ek is verlore. Elke woord oor my lippe is onrein, en ek woon onder 'n volk van wie elke woord onrein is. En nou het ek die Koning gesien, die Here die Almagtige".** Jesaja is vreesbevange! Hy besef sy eie nietigheid en dat hy as mens onmeetbaar klein is teenoor die Almagtige God. Wanneer ons

God se heiligheid aanskou, dan kan ons nie anders as om ons eie sonde en nietigheid raak te sien nie. Ons durf dit nooit vergeet nie. God is Die Heilige en ons is in Christus geheilig, begenadig om in God se teenwooordigheid te mag staan.

**LIEFDE**

Jesaja erken die liefde en die genade van God. Een van die engele het na Jesaja gevlieg en sy mond aangeraak met ‘n gloeiende kool. God vergewe Jesaja se sonde. God bewys aan hom genade.

**God gebruik nie volmaakte en sondelose mense in Sy diens nie…** God roep vuil, sondige en onbekwame mense om in Sy diens te staan en Hy reinig ons, Hy rus ons toe om diensbaar te wees. It’s not about our ability, but it’s about our availability.

Jesaja ontvang ‘n tweede kans van God, soos ons almal om Hom die Almagtige, Heilige, Grote God te dien. Wat was Jesaja se reaksie op God se liefde en genade?

Ons lees in **vers 8: "Toe het ek die Here hoor vra: Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees?". Onmiddellik meld hy aan vir diens. Hier is ek! Stuur my…**

Wie is God vir jou? Die eerste gemeente is vervul met die Heilige Gees en hulle het God sigbaar gemaak in hulle dade en die hele volk is met ontsag vervul en hulle het God geprys/ aanbid.

Die wêreld glo nie meer nie, die wêreld sien nie meer vir God nie. Die Heilige Gees het gekom. Hy woon in ons om ons in staat te stel om selfs groter werke te doen as wat Jesus gedoen het, sodat God, ons Vader verheerlik kan word.

[Gerhard Loubser]